

MET FILET



INSETSELS

◀ MET VRUGTE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 500 g Omega Nr. 8; hekelpen van 1,75 mm; ongeveer 30 cm wit linne van 120 cm breed; bypassende garing vir some.

MATE: Die voltooide tafeldoek sal ongeveer 90 x 90 cm groot wees.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; gs - glipsteek; dsl - dubbelslagsteek; vlg - volgende; herh - herhaal; gp - groep (= soveel lb as aangedui saam deurgetrek by laaste lus); sp - spatie.

FILETVIERKANT (5): Beginry: 153ks, draai.

1e ry: 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elke vlg ks; draai.

2e ry: 3ks (vir 1e lb), 1lb in elk van vlg 3 ste, *2ks, slaan vlg 2 ste oor, 1lb in vlg st; herh van * nog 47 keer, 1lb in elk van laaste 3lb; draai.

3e ry tot einde: Hekel voort in filet, raadpleeg diagram. Wanneer vierkant voltooi is, knip garing af en werk netjies af.

LINNEVIERKANTE: Knip vier vierkante van 30 x 30 cm uit linne en maak soom van ½ cm rondom. Hekel rondte kb rondom elke vierkant, steek hekelpen in basis van soom in. Hekel 3kb in elke hoek en eindig met gs in 1e kb. Knip garing af en werk netjies af.

AFWERKING: Werk filetvierkante aan linnevierkante, wissel dit af om tafeldoek van 3 x 3 vierkante te vorm.

Hekel laastens rondom tafeldoek soos volg:

1e rondte: Heg garing aan een van die ste vas met gs, 5ks, (d.w.s., 3ks vir 1e lb en 2ks vir sp), slaan vlg 2 ste oor, *1lb in vlg st, 2ks, slaan vlg 2 ste oor; herh van * rondom, maar hekel in elke hoek (1lb, 2ks) 2 keer. Eindig met gs in 3e van 5 begin-ks.

2e rondte: gs en 1kb in vlg sp; *5ks, slaan vlg sp oor, (2dsl-gp, 3ks) 3 keer in vlg sp; 2ks, slaan vlg sp oor, 1kb in daaropvlg sp; herh van * rondom, maar laat laaste kb van herh weg en eindig met gs in 1e kb. Knip garing af en werk netjies af.

Diagram: Met vrugte en blare.

□ spatie

■ blokkie

MET ROOS EN VLINDER ▶

BENODIGDHEDE: Ongeveer 300 g Omega Nr. 8; hekelpen van 1,75 mm; 150 cm wit linne van minstens 110 cm breed; bypassende garing vir some.

MATE: Die voltooide tafeldoek sal ongeveer 102 x 148 cm groot wees.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; dsl - dubbelslagsteek; herh - herhaal; vlg - volgende; sp - spatie; st(e) - steek(steke).

FILETVIERKANT (5): Hekel 110ks, draai.

1e ry: 1lb in 8e ks vanaf hekelpen om die eerste sp te vorm, 2ks, slaan vlg 2ks oor, 1lb

in vlg ks; herh van * tot einde van ry; draai.
2e ry: 5ks, (3ks vir 1e lb en 2ks vir 1e sp); slaan vlg sp oor, 1lb in vlg lb, *2ks, slaan vlg 2-ks-sp oor, 1lb in vlg sp; herh van * tot einde van ry; draai.

3e ry: 5ks, slaan 1e sp oor, 1lb in vlg lb, *2ks, slaan vlg sp oor, 1lb in vlg st*; herh van * tot * nog 18 keer, hekel dan (2lb in vlg sp, 1lb in vlg lb) 2 keer, herh van * tot * nog 2 keer, 2lb in vlg sp, 1lb in vlg lb; herh van * tot * nog 4 keer, 2lb in vlg sp, 1lb in vlg lb; herh van * tot * nog 5 keer; draai.

4e ry tot einde: Hekel filet. Raadpleeg diagram.

AFWERKING: Knip reghoek van 102 x 148 cm uit linne.

Maak 0,5-cm-soompie rondom. Hekel rondom tafeldoek soos volg:

1e rondte: kb, steek hekelpen in rondom soom en hekel 3kb in elke hoek; eindig met gs in 1e kb.

2e rondte: 5ks, (= 3 ks, vir 1e lb en 2ks vir

1e sp); slaan vlg 2 ste oor; *1lb in vlg st; 2ks, slaan vlg 2 ste oor*; herh van * tot *, maar hekel (3lb, 2ks, 3lb, 2ks, 3lb) in elke hoek-st, eindig met gs in 3e van 5ks.

3e rondte: Hekel in elke sp: *(1kb, 4ks, 1kb in basis van 1e kb, 1kb in dieselfde sp); herh van * tot einde van rondte, eindig met gs in 1e kb.

Begin by 'n kort sykant van die tafeldoek, 3 cm van die buitenste rand af, en rangskik die filetvierkante in 'n piramidevorm, met die boonste punt na die middel van die tafeldoek. Ryg hulle vas, stik en knip die materiaal aan die onderkant weg. Laat genoeg materiaal oor vir 'n soom van 0,5 cm.

Diagram: Met roos en vlinder.

□ spatie

■ blokkie

